

za.challenge.news

DIE SIKLUS HET GEBREEK

Vrede is vir lafaards. Ware mans veg. Slegs ware mans wen.

Dit was die houding in die gebied waar Phumlani Ngwenya grootgeword het.

“As ‘n Zoeloe-seun moes ons vir beeste sorg en elke dag veg,” vertel hy aan Challenge News.

“Gevegte het ons geleer om krygers te wees en nie lafaards nie.”

Die gevegte was nie net rondom die vee of by die werk nie. Phumlani moes ook vir elke stukkie kos aan die etenstafel veg.

Met baie broers, susters en halfbroers van sy poligamistiese pa, was etenstye net soveel ‘n stryd as enigiets wat Phumlani in die veld in die gesig gestaar het.

“As die laasgebore broer of suster het ek baie dinge op die harde manier geleer,” gaan hy voort.

“Wanneer dit tyd was om te eet, is alles in een skottel opgeskep. Ons moes eet soos in ‘n kompetisie – dit was oorlewing van die sterkste.”

Phumlani sê hy het grootgeword in ‘n gesin waar Christenskap verafsku is omdat hy geleer is dat dit

lafhartigheid bevorder.

“Nie eens een van my pa se 30 kinders was ‘n Christen of het die Here liefgehad nie.

“Al wat vir ons gesê is, was ‘word groot, kry ‘n werk, ‘n huis, soveel vrouens as moontlik, eer jou voorouers en drink alkohol.’

“Ek het niks van Jesus Christus geweet nie en ek het Christenskap gehaat.”

Phumlani se enigste geestelike verbintenis was deur die toordokters van sy dorp, wat toue en gewigte om sy lyf vasgemaak het om die gevolge van sy epilepsie af te weer.

“Ek het tradisionele toue oor my hele lyf gehad om my te beskerm, maar selfs toe het ek geen sekerheid oor die dag van môre gehad nie.”

Toe hy omtrent 19 was, het hy en ‘n paar vriende na ‘n Christelike kruistog gegaan met kattedwaad in gedagte. “Ons het soos gewoonlik ‘n steurnis veroorsaak,” erken hy.

“Maar terwyl ek daar gestaan het, het ek die prediker hoor preek uit 2 Korintiërs 5:17, wat sê dat enigiemand wat in Christus glo, ‘n nuwe skepsel is.

“In my hart wou ek graag ‘n nuwe skepsel wees, maar ek het daardie stem in my gedagtes bly ignoreer.”

‘n Week het verbygegaan en Phumlani kon steeds nie die Bybelvers uit sy gedagtes skud nie. Uiteindelik het hy onder ‘n boom gaan sit, in tranes uitgebars en uitgeroep: “Here, ek het hierdie nuwe lewe nodig!”

Hy sê hy onthou dit soos gister.

“Daardie dag het ek huis toe gegaan om met ‘n skêr die toue en gewigte van my liggaam af te sny en gesê: ‘Jesus, as ek vandag sterf, wil ek in U arms val.’

“Die rede hiervoor was dat toe ek daardie toue en gewigte aanvanklik gekry het, daar vir my gesê is dat my lewe of dood daarvan afhang.

“Prys God, ek het nie gesterf nie. In plaas daarvan het my epilepsie dieselfde dag opgehou.”

Hy het ‘n prys betaal vir sy nuwe geloof – “haat van familie en vriende” – en is deur sy broers uit die huis gejaag, wat gesê het hulle kon nie saam met ‘n persoon leef wat in Christus glo nie.

Niks daarvan het sy egter sy geloof laat wankel nie. “Die vrede van Jesus was bo al daardie haat,” sê hy.

Sedert hy sy lewe aan Christus oorgegee het, sê Phumlani dat hy ‘n vryheid ervaar het waarvan hy voorheen net kon droom.

“My lewe was vry! Ek was ‘n vredeliewende jongman en ek was sedertdien vreugdevol.”

“Christus het wonderwerke in

my lewe gedoen. Ek is die eerste een van my ma se kinders wat universiteit toe kon gaan, die eerste een wat werk en ‘n motor kon koop voor 25.”

Nie net dit nie, maar Phumlani bou ook ‘n nuwe familie-erfenis deur die tradisie van veelvuldige huwelike te vermy.

“Poligamie in my familie was gesien as ‘n vloek wat ons nie vanaf kon ontsnap nie, maar ek is trots om te sê dat ek deur Christus met slegs een vrou getroud is.” “Ek is deur Christus in my familie so opgehef dat alhoewel ek die jongste van my ma is, ek as die oudste beskou word, want ma vertrou my met besluitneming wat die hele familie raak – aan God die eer.”

Sy boodskap aan ander is: “‘n Lewe sonder Jesus is doelloos. ‘n Lewe saam met Jesus is die moeite werd om te leef, selfs al

kos dit jou alles. Om Jesus te kies is nie ‘n eenmalige ding nie, maar ‘n daaglikse lewenswandel met Hom.

“Dit mag dalk nie maklik wees nie, maar dit is die moeite werd. Jou goeie vriende mag dalk van jou af wegdraai, maar Hy is die Vriend wat altyd daar is – brood wanneer jy honger is, water wanneer jy dors is, die lug om asem mee te haal.” •

REGS: Phumlani Ngwenya. ONDER: Phumlani saam met sy vrou Esther op hul troudag.



Geseënde Paasfees!

Die donkie se kruis
Bladsy 1-2

Tyd om Jesus te soek
Bladsy 2

Die bewyse vir Paasfees
Bladsy 3

Pret vir kinders
Bladsy 4, 5

AGTERBLAD

TEN VOLLE OORGEGEE
JADEN IVEY

Die donkie se kruis

AS JY AL ooit van naderby na ‘n donkie gekyk het, het jy dalk iets interessants opgemerk: ‘n donker kruisagtige merk op sy rug. ‘n Lyn loop langs die ruggraat af, ‘n ander een kruis die skouers en vorm ‘n subtiele maar kenmerkende vorm.

Miskien is die merk net deel van die donkie se natuurlike kleur. Of miskien het sy Skepper ‘n patroon gelaat wat na iets belangriker wys.

Die verhaal van die donkie wat Jesus dra, word in al vier Evangelies gevind en vervul ‘n profesie wat meer as 500 jaar tevore geskryf is: “Verheug jou grootliks, dogter Sion! Juig, dogter Jerusalem! Kyk, jou koning kom na jou toe, regverdig en meer as ‘n oorwinnaar, nederig en ry op ‘n donkie, op ‘n jong donkie, die vul van ‘n donkie” (Sagaria 9:9).

Die vier Evangelies in die Bybel verduidelik dat Jesus in Jerusalem aangekom het om die Joodse fees van Pasga te vier.

Hy het die stad binnegegaan terwyl hy op ‘n donkie gery het. Hy is begroet deur ‘n skare wat hul mantels en takke op die pad neergelê het en “Hosanna!” uitgeroep het.

Hosanna word dikwels beskryf as ‘n lofbetuiging, maar dit is eintlik ‘n pleidooi vir verlossing. Die woord kom van twee Hebreeuse woorde: jasia (“om te red of te verlos”) en anna (“Ek smeek jou” of “asseblief”). Gekombineer beteken hosanna letterlik “Ek smeek jou om te red!” of “Asseblief, verlos ons!”

Toe die skares “Hosanna” geskree het toe Jesus Jerusalem binnegegaan het, het hulle nie net fees gevier nie – hulle het uitgeroep vir verlossing en Hom herken as die langverwagte Messias wat hulle kon red.



• Blaai om na bladsy 2

Die donkie se kruis

Van bladsy 1

'n Mens sou verwag dat die Messias in 'n goue koets of op 'n kragtige oorlogspere sou aankom. Maar Jesus het 'n nederige donkie gekies.

Die donkie is nie bekend vir sy skoonheid of spoed nie. Dit word dikwels gesien as koppig, eenvoudig, selfs onbeduidend. Tog, in hierdie storie, is die donkie 'n simbool van stille krag, getrouheid om 'n las te dra sonder roem of beloning. Dit het Jesus na Jerusalem gedra, die einste stad waar Hy, net dae later, Sy lewe aan 'n kruis sou aflê.

Daar is Jesus gekruisig – nie as 'n politieke rebel of mislukte leermeester nie, maar as die perfekte offer vir die sondes van die mensdom. Hy het ons plek ingeneem en die gewig van ons skuld gedra, sodat enige iemand wat in berou en geloof na Hom draai, vergewe, gereinig en herstel kan word tot 'n regte verhouding met God.

Alhoewel dit nie in die Bybel gevind word nie, sê die legende dat toe die donkie naby die kruis gestaan het op die dag dat Jesus gesterf het, die skaduwee van daardie kruis oor sy rug geval het. Van daardie oomblik af het sy soort die vorm van die kruis gedra.

Maar die storie het nie by die kruis geëindig nie. Jesus het nie in die graf gebly nie. Hy het weer opgestaan en Sy opstanding is 'n belofte: dat ons nuut gemaak kan word. Dat skaamte en seer vir genesing verruil kan word. Dat vrees met vrede vervang kan word. Dat liefde, nie die dood nie, die laaste sê het. As jou hart geroer word deur hierdie idee van 'n God wat nederigheid gekies het, wat waarde in die nederiges sien en wat genade vrylik aanbied, kan dit Hy wees wat na jou uitreik.

Jesus het eens gesê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee."

Daardie uitnodiging staan steeds. Jy hoef nie perfek te wees nie. Jy hoef dit nie alles alleen te dra nie.

Jy word genooi – om jou vree, jou seer, jou hoop – na die Een te bring wat die swaarste las van almal gedra het en steeds die merk van liefde dra. Vir meer inligting, sien die blokkie getiteld "Hoe word ek 'n Christen?" op bladsy 7.

Geloof gebore uit 'n tragedie

DEUR MARISHIA VAN DYK

Ek het nie as 'n gelowige grootgeword nie en vir die grootste deel van my lewe het ek sonder enige ware verhouding met God geleef. Gebed, kerk en die Bybel was alles onbekend vir my. Maar alles het verander op 'n enkele, verwoestende nag in Desember 2022.

My gesin en ek was op pad na 'n vakansiebestemming toe ons betrokke was in 'n kop-aan-kop motorbotsing.

Almal in die motor het ernstige beserings opgedoen – maar my jongste seun, wat pas 14 geword het, het sy lewe in die ongeluk verloor. Daardie

oomblik is my wêreld verpletter en is 'n wond in my hart gelaat wat niks op aarde kon genees nie.

Terwyl ek in die hospitaal was, fisies en emosioneel gebroke, het 'n vrou wat ek nie geken het nie, my elke dag kom besoek.

Sy het 'n hele maand lank getrou vir my gebid. Op daardie tyd was sy nie verstaan wat sy doen of hoekom sy aangehou kom het nie – maar haar teenwoordigheid het my met 'n soort vrede gevul wat ek nie kon verduidelik nie.

Marishia van Dyk



Lees Challenge News aanlyn!

Het jy geweet? Challenge – Die Goeie Nuus koerant deel ware stories van hoop, verandering en geloof in verskeie tale en spesiale uitgawes. Of jy nou die koerant in Afrikaans of in Spaans wil lees, of kragtige stories van diegene in die tronk of die weermag wil hoor, jy kan dit alles aanlyn by za.challenge.news vind.

Coffee Break CROSSWORD & SUDOKU

- ACROSS**
- 1 Surgical sutures
 - 7 Sign of boredom
 - 8 Soak up
 - 10 Blow the whistle
 - 11 Make larger
 - 13 Meeting with a doctor, say
 - 16 Round Table warrior
 - 18 Painting, dance, etc.
 - 20 Bring into country
 - 21 Soft, fluffy feathers
 - 22 Ominous; eerie
- DOWN**
- 2 Toothpaste holder
 - 3 Shed item
 - 4 Winter sleep
 - 5 Solar _____
 - 6 Romulus or Remus
 - 8 Launch an assault

| | | | | | | | | | | | |
|----|----|---|----|--|----|--|----|--|----|--|----|
| 1 | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | |
| | | | | | | | 7 | | | | |
| 8 | | 9 | | | | | | | | | |
| 10 | | | | | 11 | | | | | | 12 |
| | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | 14 | | | | | | 15 | | |
| | | | | | | | | | | | |
| 16 | 17 | | | | | | 18 | | 19 | | |
| | | | | | 20 | | | | | | |
| 21 | | | | | | | | | | | |
| | | | 22 | | | | | | | | |

- 9 Open-palm hit
- 12 Very much dislike
- 14 Heart and kidney
- 15 Money in Madrid
- 17 When shadows are short
- 18 Chimps and bonobos
- 19 "That's accurate"

SOLUTIONS PAGE 7

Smile files...



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|--|---|
| 6 | | | | 3 | 8 | 7 | | 2 |
| 2 | | | 7 | 4 | | 1 | | 9 |
| | | | | | | | | |
| | 2 | | | 1 | | 3 | | 4 |
| 3 | | | | | | | | 1 |
| 4 | | 6 | | 2 | | | | 9 |
| | | | | | | | | |
| 1 | | 5 | | 7 | 2 | | | 8 |
| 7 | | 4 | 9 | 5 | | | | 3 |

Vra hoekom: Antwoorde op moeilike vrae oor God

Vraag: Is dit nie 'n bietjie verregaande om te glo dat Jesus God is nie?



DEUR PETER MEADOWS

DIT KLINK WEL verregaande om te glo dat die seun van 'n skrynwerker wat 2000 jaar gelede gebore is, meer as net 'n uitsonderlike persoon was. Maar weeg die bewyse op en jy staan voor 'n ander moontlikheid. As jy vorige "Vra hoekom" rubrieke gelees het, sou jy reeds gehoor het van die massiewe impak wat Jesus op die geskiedenis gemaak het – vër bokant alle ander. Van die wonderwerke – die genesing van mense, die opwekking van dooies en meer – wat Hom as meer as net 'mens' aandui. Daar is ook meer redes om te glo dat hierdie bewering waar is. As God op die Aarde gewandel het, hoe sou jy wou hê moes Hy wees? Is Jesus gelyk hieraan? Laat ek 'n paar voorbeelde noem:

- Jesus was barmhartig. Gekonfronteer met 'n weduwee-moeder wie se enigste seun – en haar enigste middel van onderhoud – gesterf het, het Jesus hom tot die lewe opgewek. Van aangesig tot aangesig met melaatses, die VIGS-slagoffers van die dag, het Hy die ondenkbare gedoen en hulle aangeraak.
- Jesus het niemand uitgesluit nie. Prostitute, mense wat op die rand van die samelewing geleef het en sosiale uitgeworpenes is almal deur Hom verwelkom. Vroue, die laer klas in daardie dae, het spesiale aanvaarding en waardigheid ontvang van die manier waarop Hy hulle behandel het.
- Jesus het gewone mense gemaklik in Sy teenwoordigheid laat voel. Daar was niks super-godsdienstig of afsydig aan Hom nie. Kinders het om Sy voete gedrom, Hy was 'n welkome gas by 'n troue; Hy het 'n normale sosiale lewe geniet.
- Jesus het godsdienstige skynheiligheid verafsku. Hy het hom teen diegene met 'n heiliger-as-jy-houding uitgespreek. Godsdiens vir die skyn daarvan het in Sy keel vasgesteek – en Hy het so gesê.
- Jesus het mense nooit afgeskryf nie. Hy het diegene verwelkom wat gereed was vir 'n nuwe begin. Byvoorbeeld, 'n prostituut, 'n dief en medewerker met die vyand het almal die kans gekry om weer te begin. Sy lewe het uitgebeeld wat jy hoop God sou wees – dat niemand te ver heen is om deur Hom liefgehe te word nie.

So staan Jesus met meer as 'n paar koppe en skouers bo die skare uit. Hy het die dinge gedoen wat jy van God sou verwag om te doen. Hy het opgetree soos jy sou verwag dat God sou optree. Maar vir my is die deurslaggewende faktor wat diegene naaste aan Hom te sê gehad het. Diegene naaste aan ons ken die waarheid oor ons. Hulle kan ons aarde toe bring wanneer ons van die pad afdwaal. Jesus het ook sy "naaste en vriende" gehad – diegene wat drie jaar lank naby aan Hom geleef het, geluister, gekyk en geëvalueer het.

Hul uitspraak? Hulle het begin glo dat Hy God is – met baie wat hul lewens gegee het vanweë die oortuiging dat dit waar was. Een, Thomas, het eintlik aan Jesus se voete gekniel en verklaar: "My Here en my God!" Jesus het Thomas vrylik toegelaat om Hom te aanbid. En Jesus nooi ons uit om dieselfde te doen.

Peter Meadows het (saam met Joseph Steinberg) Die Boek van Y geskryf, die basis vir die agt weke lange Y-kursus wat die lewe se grootste vrae ondersoek.

Nadat ek uit die hospitaal ontslaan is en huis toe teruggekeer het, het ek myself met 'n oorweldigende verlange na Jesus Christus bevind.

Ek het nie geweet hoe om na Hom uit te reik nie – ek het nog nooit gebid nie, nog nooit die Bybel gelees nie, nog nooit regtig 'n voet in 'n kerk gesit nie. Maar ek het geweet ek het Hom nodig. Dit was asof my siel na Hom uitgeroep het.

'n Vriend van ons het ons na sy kerk genooi en op 26 Maart 2023 het ek die byeenkoms vir die eerste keer bygewoon.

Daardie dag het alles verander. Ek het die teenwoordigheid van God gevoel op 'n manier wat ek nog nooit tevore gevoel het nie. Ek het my lewe aan Jesus oorgegee. Sedertdien het ek nog nooit teruggekyk nie. Die transformasie in my lewe was baie groot.

Ek het verander van iemand wat nie geweet het hoe om te bid nie na iemand wat nie 'n dag kan laat verbygaan sonder om met God te praat nie. Die Bybel, eens 'n geslote boek vir my, het 'n bron van lewe, waarheid en leiding geword.

God het geneem wat gebreek was en dit met Sy genade begin herstel. Uit my pyn het 'n roeping gekom. Ek voel oortuig om die goedheid van God en die hoop op Sy verlossing met ander te deel.

Daar is 'n vuur in my wat voorheen nie daar was nie – 'n begeerte om die evangelie te deel, om met ander in hul donkerste oomblikke te wandel en om hulle te lei na die Een wat kan red en genees.

Ek glo God roep my tot bediening – nie omdat ek al die antwoorde het nie, maar omdat ek die Een ken wat dit het. My lewe is 'n getuienis van Sy genade en ek wil die res van my dae daaraan wy om ander na Jesus te lei.

Uitnodiging
MET KARL FAASE

Tyd om Jesus te soek

WAS DAAR OOI 'n tyd in jou lewe waar jy nuuskierig was oor Jesus, maar onseker was waar om te begin? Nikodemus was 'n gerespekteerde godsdienstige leier, maar hy het snags in die geheim na Jesus gekom, aangetrokke deur iets wat hy nie heeltemal kon verstaan nie.

Tydens hierdie interaksie het Jesus vir hom gesê: "Niemand kan die koninkryk van God sien as hy nie wedergebore word nie" (Johannes 3:3).

Dit lyk asof Nikodemus nie gereed was om onmiddellik te reageer nie. Dit is 'n baie natuurlike reaksie. Nie almal wat Jesus se woorde hoor, sal onmiddellik 'wedergebore' wil word nie.

Geloof is 'n reis en vree is deel van die proses.

Neem hierdie Paasfees tyd om Jesus te soek – maak die Bybel oop, bid en reflekteer. Vind 'n Paasfees-kerkdien naby jou en loer in. Gee Sy woorde ruimte om in jou hart te ontwikkel, soos 'n ou kamera wat geleidelik in fokus kom.

Die bewyse vir Paasfees

DEUR WIL POUNDS

Matthew Arnold het gesê: “Die opstanding van Jesus Christus is die bes bewysde feit in die geskiedenis.”

Van die beste boeke oor die opstanding is geskryf deur regsgeleerdes wat met die doel begin het om dit as ‘n historiese feit te weerlê.

Sir Edward Clark het geskryf:

“As ‘n regsgeleerde het ek ‘n uitgebreide studie van die bewyse vir die eerste Paasfees gemaak. Vir my is die bewyse voldoende en in die Hooggeregshof het ek die uitspraak op bewyse wat nie naastenby so oortuigend is nie, baseer.

“As ‘n regsgeleerde aanvaar ek dit onvoorwaardelik as die getuienis van mense oor feite wat hulle kon staaf.”

Die historikus Lukas het geskryf dat Jesus “Homself lewend voorgestel het na Sy lyding deur baie oortuigende bewyse. Hy het aan hulle verskyn oor ‘n tydperk van 40 dae en gepraat oor die dinge aangaande die koninkryk van God” (Handelinge 1:3). Jesus het Sy eie dood en opstanding voorspel (Lukas 9:22; Markus 12:40).

Nadat Hy uit die dood opgestaan het, het Jesus aan ‘n wye verskeidenheid mense in talle omstandighede, dwarsdeur die land, verskyn. Hy het Homself lewend vertoon as “demonstrasiebewyse”. Laat ek kortliks die getuienis van ooggetuies van die feit van die opstanding van Jesus Christus opsom.

Maria Magdalena was die eerste getuie wat Jesus lewend gesien het na Sy opstanding (Johannes 20:11-18). Sy het buite die graf gestaan toe Jesus haar laat skrik het om Hom te herken toe Hy haar naam “Maria!” genoem het. Verras deur vreugde, het sy Hom gegryp en toe weggehardloop om vir die dissipels te sê: “Ek het die Here gesien” (v 18).

Verskeie vroue het vroeg daardie eerste Paasoggend na die graf gegaan en ‘n engel het vir hulle gesê dat Jesus “uit die dood opgestaan het” (Matteus 28:9-10). ‘n Paar oomblikke later het hulle Jesus gesien en “Hom aan die voete vasgehou en Hom aanbid” (v 9). Jesus het vir hierdie vroue gesê om te gaan en vir die dissipels te sê dat hulle Hom in Galilea moet ontmoet.

Later op daardie eerste Sondag het twee dissipels op die Emmauspad van Jerusalem af geloop (Lukas 24:12-32). ‘n Vreemdeling wat hulle ingehaal het en na hulle gesprek geluister het, het hulle gevra waaroor hulle praat. Aan die einde van hulle reis na Emmaus het hulle Hom vir aandete genooi en: “Hulle oë is oopgemaak en hulle het Hom herken en Hy het uit hulle gesig verdwyn” (v 31).

Jesus het aan Petrus verskyn (Lukas 24:33-35; 1 Kor. 15:5). Jesus het spesiale tyd saam met die dissipel deurgebring wat Hom drie keer verloën het. Petrus was saam met 10 van die dissipels toe die twee van Emmaus terug in Jerusalem aangekom het om die dissipels te vertel dat hulle Jesus ontmoet het (Lukas 24:36-43). Daar in die bovertrek het Jesus skielik aan die dissipels verskyn, hulle gegroet en saam met hulle en voor hulle oë geëet.

‘n Week later was 11 dissipels, insluitend Thomas, in ‘n veilige kamer (Johannes 20:26-31). Thomas het ‘n week lank geweier om die getuies te glo en toe verskyn Jesus skielik aan die manne en sê



VOORRAAD FOTO

vir Thomas: “Bring jou vinger hier en kyk na my hande; bring jou hand hier en steek dit in my sy; moenie ongelowig wees nie, maar gelowig” (v 27). Thomas het geglo en verklaar: “My Here en my God!” (v 28)

‘n Ruk later het sewe van die dissipels wat vissers was, teruggekeer na die See van Tiberias en met Jesus gepraat (Johannes 21:1-25). ‘n Vreemdeling op die strand het hulle na ‘n vangs van 153 groot visse gelei. Johannes het Jesus eerste herken en vir Petrus geskree: “Dit is die Here!” Dit was die beste visvangs wat daardie oud-vissers ooit gehad het. Jesus het hulle genooi om saam met Hom “te kom eet”.

Jesus het aan die 11 in Galilea verskyn wat “Hom gesien en Hom aanbid het.” Toe het Hy hulle sy opdrag gegee om die boodskap aan die wêreld te gaan deel (Matteus 28:16-20).

Jesus het aan 500 mense, wat

op een plek vergader het verskyn (1 Korintiërs 15:6) en die meeste van hulle was nog steeds lewend 30 jaar later toe die apostel Paulus sy brief aan die kerk in Korinte, Griekeland, in 56 n.C. geskryf het.

Hy het ook aan Sy halfbroer Jakobus verskyn en toe, na Sy hemelvaart aan ‘n arrogante Joodse Fariseër met die naam Saulus (1 Korintiërs 15:7-8). “En laaste van almal, soos aan ‘n ontydige geborene, het Hy ook aan my verskyn” (v 8).

Die laaste opgetekende verskyning van Jesus voor Sy hemelvaart was aan Sy dissipels naby Betanië (Handelinge 1:9-12). Terwyl Hy daar gestaan en met hierdie ooggetuies gepraat het, “is Hy opgeneem en ‘n wolk het Hom voor hulle oë wegge- neem” (v 9).

Die historiese bewyse is akkuraat en duidelik. Jesus Christus leef! •

Hierdie artikel is die eerste keer gepubliseer op abideinchrist.com en word met vriendelike toestemming gebruik.

My lewe was ‘n gemors

Bryan Ndlovu het grootgeword in ‘n gesin wat toorkunste beoefen het. Trouens, vertel hy aan Challenge News, een van sy tantes was ‘n baie gerespekteerde toordokter in sy dorp.

Maar niks hiervan het Bryan gehelp nie, wat sê sy lewe “was ‘n gemors”.

“Om onder haar sorg groot te word, was nie maklik nie,” sê hy. “As ek dink aan wat met my gebeur het, kan ek selfs vandag nog huil. Ek het gesukkel om te vergewe, ek was bitter en my hart was gebreek.”

Toe hy 15 was, het Bryan begin drink. “Ek het my lewe gehaat. Ek was altyd dronk. Ek het God gehaat. Ek het nie eers geweet of God bestaan nie. Ek het gedink daar was geen oplossing nie en ek wou myself verskeie kere doodmaak. As gevolg van wat my tante aan my gedoen het, het ek vroue gehaat.”

Maar alles het vir Bryan verander nadat hy die Evangelie gehoor het – die goeie nuus dat Jesus Christus na die aarde gekom het om die mensdom van hul sondes te red. Bryan het sy lewe aan God oorgegee. Alhoewel hy weet dit is nie ‘n kitsoplossing vir sy probleme nie, het hy nou hoop vir die toekoms.

“Dit is ‘n proses. Ek is vry, maar ek sukkel steeds met ‘n paar dinge. Ek glo egter dat Jesus werklik in my lewe werk. Ek weet Hy hoor my en Hy het my lief. Hy is heeltyd by my – nou kan ek diegene vergewe wat my sleg behandel het.”

Bryan se gunsteling vers kom uit die boek Johannes: “As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle alles kry wat julle in my Naam vra” (Johannes 15:17).

Hy vetel dat hy elke keer as hy daardie woorde bid, weet dat Jesus hom hoor. “Die waarheid is dat my lewe anders is as die lewe wat ek voorheen geleef het.

“Mag die Naam van God verheerlik word vir wat Hy vir my gedoen het.” •



VREDE NA PYN

Reuben Barnard het grootgeword in George in Suid-Afrika se Wes-Kaap en sy kinderjare het aanvanklik doodgewoon gelyk, maar teen die ouderdom van ses het die lewe dramaties begin verander.

“My pa het al hoe minder by die huis begin opdaag. Dit het tot ‘n punt gekom waar ek en my twee broers ons pa nie meer oor naweke gesien het nie,” het hy onthou.

Die afwesigheid van hul pa het ‘n tol op die hele gesin geëis.

“Ons ma het begin hartseer raak oor dit en wat in die huis gebeur het. Na ‘n paar jaar het my ma uitgevind dat my pa haar met iemand anders verneuk het.”

Die hartseer het nie daar opgehou nie. Konstante bakleiery en mishandeling het diep emosionele letsels gelaat.

“My pa het my begin slaan en probeer afmaak asof hy my ‘taai’ maak.”

Hoërskool het verdere uitdagings gebring, insluitend sy ouers se egskedding.

“Dit het my verpletter gelaat en dwarsdeur hoërskool was dit iets wat my depressief gehou het.”

Soos baie tieners, het Reuben goedkeuring van sy pa en ‘n gevoel van eiewaarde gesoek. Hy het homself in rugby uitgeleef in die hoop om homself te bewys.

“Ek het begin oefen – vyf kilometer in die oggend gedraf, na skool vir ‘n uur gimnasium toe gegaan en later in die middag rugby geoefen. Ek het dit elke dag tot die einde van graad 11 gedoen.”

Sy harde werk het vrugte afgewerp: hy het ‘n plek in die skool se eerste span en ‘n kaartjie vir die Wêreldskole Rugbytoernooi in Thailand verdien.

Maar toe tref die ramp hom. Tydens proewe het sy been in ‘n skrum ingegeë. ‘n Dokter het hom later meegedeel dat hy “vir die res van my lewe probleme met die been sou hê en dat ek nie meer rugby sou kon speel nie.”

Vir Reuben was rugby meer as ‘n sport; dit was ‘n manier om weer met sy pa kontak te hê. “My hele lewe het uitmekaar geval omdat die een ding wat ek gedoen het om terug te keer na my pa, verlore was. Ek het soos ‘n mislukking gevoel.”

Die hopeloosheid het oorweldigend geword en hy het gevaarlik naby daaraan gekom om sy eie lewe te neem.

Dit was gedurende hierdie donkerste tyd dat Reuben se perspektief begin verander het.

“Ek het God nog altyd geken, alhoewel ek in ‘n kerk grootgeword het het ek tog nie veel daarvan gedink nie. Dit het so aangehou totdat ek ‘n X3DE-kamp bygewoon



Reuben Barnard

het. Daar is my godsdienstige ingesteldheid heeltemal verander. Ek het geleer dat ek ‘n verhouding met God kon hê.” By die kamp het iets buitengewoons gebeur.

“Hulle het vir my gebid en God het my been genees. Van daardie dag af het ek geweet ek moes my ou weë verander en werklik ten volle vir God en Sy wil vir my, lewe.”

Die ervaring het verder gegaan as fisiese genesing. Reuben het sy lewe aan Jesus Christus oorgegee en emosionele en herstel in sy verhoudings gevind.

“Nie net het my been genees nie, maar ek het ook my pa vergewe vir wat hy aan my en my familie gedoen het. Vandag werk die Heilige Gees in my en my pa om ons verhouding te herstel, want my pa het na my begin uitreik en wil tyd saam met my deurbring.”

Die transformasie wat Reuben ervaar het, het elke deel van sy lewe geraak.

“Nadat ek ‘n Christen geword het, het ek verlig gevoel en ‘n gevoel ervaar asof al my laste weggeëem is.” Sy nutgevonde geloof het hom help om deursigtigheid te omhels.

“Ek het begin om die ‘regte’ ek te wees en het regtig begin omgee vir ander rondom my. My hart het begin uitreik na mense in soortgelyke situasies as ek.”

Reuben put inspirasie uit 1 Korintiërs 13, wat praat oor liefde en blywende toewyding. Hy het ook ‘n belangrike lewensles oor veerkragtigheid geleer.

“Die lewe sal nie maklik wees as jy jou lewe vir Jesus gee nie, maar omdat jy ‘n stewige fondament in Jesus het, kan jy maklik weer op jou voete kom en van foute opstaan.”

Deur sy reis het Reuben ontdek dat ware genesing nie net kom van die oorwinning van fisiese of emosionele terugslae nie, maar van die bou van ‘n lewe op ‘n fondament van geloof, vergifnis en doelgerigtheid. •

As u deur hierdie koerant geseën word, oorweeg dit asseblief om by hierdie bediening betrokke te raak deur:

- Vertel ons wat hierdie koerant vir u beteken het.
- Stuur vir ons u getuienis van verlossing. Stuur ‘n epos na sachallengenews@gmail.com vir meer inligting.
- Oorweeg dit asseblief om hierdie koerant te borg en te versprei om ander te bereik.

Stuur asseblief ‘n e-pos na: sachallengenews@gmail.com of besoek www.challenge.news/donate/

'n Veranderde lewe

DEUR SIMEON NEO

Cindy Toh was slegs sewe jaar oud toe sy die eerste keer 'n diep gevoel van eensaamheid begin ervaar het. "Terwyl ek grootgeword het, sou ek in die bed lê en dink: 'Waarom voel ek asof ek alleen in hierdie wêreld is?'" het sy in 'n YouTube-video vertel.

"Dit het gevoel asof die wêreld so groot, leeg en betekenisloos was."

Soos sy ouer geword het, sou Cindy woedend teenoor haar familie optree.

"Ek was nogal deurmekaar en wild," het sy aan Challenge News gesê.

"Ek het nie regtig omgee wat enigiemand anders dink nie."

Dinge het vererger toe haar ouers geskei is.

"Dit was regtig moeilik vir my, want na die egskeding het albei my ouers ander eggenote gevind en ek het nie regtig 'n goeie verhouding met een van my stiefouers gehad nie."

"Ek het later twee ander halfbroers en -susters gehad en dit was moeilik om tussen twee gesinne te navigeer."

"So ek het op seuns en vriendskappe staatgemaak om geliefd te voel."

Op 13 het Cindy ingestem om haar beste vriendin se kerk te besoek.

"Maar ek het nie regtig die behoefte gehad om aan enige iets aanklank te vind nie. Jesus was net 'n vae voetjie-konsep in die agterkant van my kop."

Nadat sy 'n Katolieke laerskool bygewoon het, was Cindy vertrouwd met die Bybel.

"Ons sou bid en so aan, maar ek sou nie [in God] glo nie. Ek het nie regtig veel verandering in mense gesien nie."

Maar toe Cindy haar vriendin se kerk besoek het, het sy 'n ander soort gemeenskap ervaar.

"Ek het gesien hoe die mense daar so gelukkig en gaaf was. Toe het ek gevoel: 'Hierdie is dalk 'n plek waarheen ek soms kan kom.'"

Hoe meer sy kerk toe gegaan het, hoe meer het sy preke oor God se perfekte liefde gehoor.

"Hulle het al hoe meer in my hart begin werk."

Om elke week van God se liefde te hoor, het 'n nuuskierigheid en openheid in haar hart aangewakker om meer oor Jesus te leer.

"Ek het gevoel asof God net reguit met my praat."

'n Jaar later was sy by 'n kerkjeugkamp toe sy 'n ontmoeting gehad het wat haar lewe verander het.

Haar beste vriendin het vorentoe gegaan vir gebed en Cindy het saam met haar gegaan om ondersteuning te bied.

